Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1836 — PRYS 20c PRICE — REGULATION GAZETTE No. 1836

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — OORSEE 30c OVERSEAS — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY — POST FREE

VOL. 98] PRETORIA, 31 AUGUSTUS / 31 AUGUST 1973 [No. 4017


## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 204, 1973

WYSIGING VAN DIE KONVENSIE OOR INTERNASIONALE BURGERLIKE LUGVAART (CHICAGO, 1944)

Nademaal die wysiging, in die Bylae hiervan vervat, van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944), soos uiteengesit in die Eerste Bylae van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), ooreenkomstig artikel 3 (1) (b) van genoemde Wet namens die Republiek van Suid-Afrika bekragtig is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 3 (1) (b) van bogenoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging vanaf die datum van afkondiging hiervan in die Republiek nagekom moet word en regskrag en -uitwerking het.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban, op hede die Ses-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE

In Artikel 50 (a) van die Konvensie, vervang die tweede sin deur die volgende:

"Dit bestaan uit 30 kontrakterende State deur die Vergadering gekies."

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 204, 1973

AMENDMENT TO THE CONVENTION ON INTERNATIONAL CIVIL AVIATION (CHICAGO, 1944)

Whereas the amendment, contained in the Schedule hereto, to the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944), set out in the First Schedule to the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), has, in terms of section 3 (1) (b) of the said Act, been ratified on behalf of the Republic of South Africa;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 3 (1) (b) of the above-mentioned Act, I hereby declare that the said amendment shall, with effect from the date of promulgation hereof, be observed and have the force and effect of law in the Republic.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban this Twenty-sixth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

In Article 50 (a) of the Convention, the following sentence shall be substituted for the second sentence:

"It shall be composed of 30 contracting States elected by the Assembly."

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 1564 31 Augustus 1973

STAATSLUGHAWEREGULASIES, 1963

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), soos gewysig, die regulasies in bygaande Bylae vervat, uitgevaardig.

BYLAE 8

In die Staatslughaweregulasies, 1963, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1974 van 20 Desember 1963 en soos gewysig*—

(1) in regulasie 13, vervang die opskrif deur die volgende opskrif:

"KENNISGEWING VAN BEWEGING VAN LUGVAARTUIE EN BETALING VAN GELDE.";

(2) in regulasie 13. (2), vervang die woord "en" deur 'n komma en voeg die volgende woorde in na die woorde "vorm invul":

"en alle gelde betaal, wat aan die bestuurder betaalbaar is tensy hy vooraf 'n ooreenkoms met die bestuurder vir betaling aangegaan het".

* Wysigings van die Staatslughaweregulasies, 1963, is afgekondig by Goewermentskennisgewings R. 397 van 20 Maart 1964, R. 2027 van 24 Desember 1965, R. 943 van 23 Junie 1967, R. 1031 van 26 Junie 1970, R. 2233 van 11 Desember 1970, R. 331 van 9 Maart 1973 en R. 1258 van 27 Julie 1973.

No. R. 1565 31 Augustus 1973

LUGVAARTREGULASIES, 1963

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), soos gewysig, die regulasies in bygaande Bylae vervat, uitgevaardig.

BYLAE 27

Die Lugvaartregulasies, 1963, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1779 van 15 November 1963 en soos gewysig,* word hierby soos volg verder gewysig:

1. In regulasie 22.10—

(a) vervang subregulasie (1) deur die volgende regulasie:

"22.10. (1) Die tarief van landings-, loods- en parkeergelde by gelisensieerde vliegvelde is soos voorgeskryf in Byvoegsel M: Met dien verstande dat, behoudens subregulasie (2A) en Artikel 15 van die Chicago-konvensie vervat in die Eerste Bylae van die Wet, gelde volgens 'n laer tarief gehef kan word, of geen gelde gehef hoef te word nie.";

(b) skrap die volgende woorde in subregulasie (2):

"en daardie gelde sal op sowel Suid-Afrikaanse as buitelandse lugvaartuie van toepassing wees";

(c) voeg die volgende subregulasie in na subregulasie (2):

"(2A) Waar gelde gehef word, moet gelyke gelde gehef word ten opsigte van lugvaartuie van gelyke massa wat vir soortgelyke doeleindes gebruik word."; en

(d) in subregulasie (5), vervang die uitdrukking "Aanhangsel M" deur die uitdrukking "Byvoegsel M".

* Sien Aanhangsel.

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 1564 31 August 1973

STATE AIRPORT REGULATIONS, 1963

The Minister of Transport has, in terms of section 22 of the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE 8

In the State Airport Regulations, 1963, as promulgated under Government Notice R. 1974 of 20 December 1963 and as amended*—

(1) in regulation 13, for the heading substitute the following heading:

"NOTIFICATION OF MOVEMENT OF AIRCRAFT AND PAYMENT OF CHARGES.";

(2) in regulation 13. (2), for the words "together with" substitute the word ", supply" and after the words "said form" insert the following words:

"and pay all charges payable to the manager, unless he has previously entered into an agreement with the manager, for payment".

*Amendments to the State Airport Regulations, 1963, were promulgated under Government Notices R. 397 of 20 March 1964, R. 2027 of 24 December 1965, R. 943 of 23 June 1967, R. 1031 of 26 June 1970, R. 2233 of 11 December 1970, R. 331 of 9 March 1973 and R. 1258 of 27 July 1973.

No. R. 1565 31 August 1973

AIR NAVIGATION REGULATIONS, 1963

The Minister of Transport has, in terms of section 22 of The Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto:

SCHEDULE 27

The Air Navigation Regulations, 1963, as promulgated by Government Notice R. 1779 of 15 November 1963 and as amended* are hereby further amended as follows:

1. In regulation 22.10—

(a) substitute the following subregulation for subregulation (1):

"22.10. (1) The scale of landing, housing and parking charges at licensed aerodromes shall be as prescribed in Appendix M: Provided that, subject to subregulation (2A) and Article 15 of the Chicago Convention contained in the First Schedule to the Act, charges may be imposed according to a lower scale, or no charges need be imposed.";

(b) in subregulation (2) delete the words:

"and such charges shall be applicable alike to South African and foreign aircraft";

(c) insert the following subregulation after subregulation (2):

"(2A) Where charges are levied, like charges shall be levied in respect of aircraft of equal mass engaged in similar operations."; and

(d) in subregulation (5) of the Afrikaans text, substitute the expression "Byvoegsel M" for the the expression "Aanhangsel M".

* See Annexure.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2. In Aanhangsel M—

(a) vervang die uitdrukking "AANHANGSEL M" in die opskrif deur die uitdrukking "BYVOEGSEL M";

(b) vervang paragraaf M.2 deur die volgende paragraaf:

"M. 2. LOODSGELDE

| *Maksimum gesertifiseerde massa van 'n lugvaartuig tot en met* | *Enige tydperk tot 24 uur* | *Weekliks* | *Maandeliks* |
|---|---|---|---|
| kg | R | R | R |
| 2 000 | 0,55 | 3,30 | 11,00 |
| 3 000 | 1,10 | 6,60 | 22,00 |
| 4 000 | 1,65 | 9,90 | 33,00 |
| 5 000 | 2,20 | 13,20 | 44,00 |
| 10 000 | 3,30 | 19,80 | 66,00 |
| 15 000 | 4,40 | 26,40 | 88,00 |
| 20 000 | 5,50 | 33,00 | 110,00 |
| 25 000 | 6,60 | 39,60 | 132,00 |
| 50 000 | 8,80 | 52,80 | 176,00 |
| 75 000 | 11,00 | 66,00 | 220,00 |
| 100 000 | 13,20 | 79,20 | 264,00 |
| 150 000 | 16,50 | 99,00 | 330,00 |
| 200 000 | 19,80 | 118,80 | 396,00 |
| 300 000 | 24,00 | 145,20 | 484,00 |
| 400 000 | 28,60 | 171,60 | 572,00 |
| en daarna vir elke bykomende 100 000 kg of gedeelte daarvan.... | 4,40 | 26,40 | 88,00"; |

(c) in paragraaf M.3, vervang die woord "gevra" oral waar dit voorkom deur die woord "gehef" en die woord "aangegee" deur die woord "voorgeskryf".

AANHANGSEL

Wysigings van die Lugvaartregulasies, 1963, is afgekondig by Goewermentskennisgewings R. 1883 van 6 Desember 1963, R. 614 van 24 April 1964, R. 1332 van 3 September 1965, R. 794 van 20 Mei 1966, R. 1377 van 9 September 1966, R. 1636 van 21 Oktober 1966, R. 1965 van 9 Desember 1966, R. 628 van 5 Mei 1967, R. 1419 van 15 September 1967, R. 1800 van 10 November 1967, R. 1958 van 8 Desember 1967, R. 493 van 29 Maart 1968, R. 1032 van 7 Junie 1968, R. 1133 van 28 Junie 1968, R. 2320 van 20 Desember 1968, R. 908 van 6 Junie 1969, R. 3609 van 31 Oktober 1969, R. 709 van 8 Mei 1970, R. 1956 van 29 Oktober 1971, R. 2181 van 3 Desember 1971, R. 2353 van 31 Desember 1971, R. 1298 van 28 Julie 1972, R. 1674 van 22 September 1972, R. 1847 van 20 Oktober 1972, R. 1921 van 27 Oktober 1972 en R. 2167 van 1 Desember 1972.

2. In Appendix M—

(a) in the heading of the Afrikaans text, substitute the expression "BYVOEGSEL M" for the expression "AANHANGSEL M";

(b) substitute the following paragraph for paragraph M.2:

"M. 2. HOUSING FEES

| *Maximum certificated mass of an aircraft up to and including* | *Any period up to 24 hours* | *Weekly* | *Monthly* |
|---|---|---|---|
| kg | R | R | R |
| 2 000 | 0,55 | 3,30 | 11,00 |
| 3 000 | 1,10 | 6,60 | 22,00 |
| 4 000 | 1,65 | 9,90 | 33,00 |
| 5 000 | 2,20 | 13,20 | 44,00 |
| 10 000 | 3,30 | 19,80 | 66,00 |
| 15 000 | 4,40 | 26,40 | 88,00 |
| 20 000 | 5,50 | 33,00 | 110,00 |
| 25 000 | 6,60 | 39,60 | 132,00 |
| 50 000 | 8,80 | 52,80 | 176,00 |
| 75 000 | 11,00 | 66,00 | 220,00 |
| 100 000 | 13,20 | 79,20 | 264,00 |
| 150 000 | 16,50 | 99,00 | 330,00 |
| 200 000 | 19,80 | 118,80 | 396,00 |
| 300 000 | 24,00 | 145,20 | 484,00 |
| 400 000 | 28,60 | 171,60 | 572,00 |
| and thereafter for every additional 100 000 kg or part thereof....... | 4,40 | 26,40 | 88,00"; |

(c) in paragraph M.3, for the word "given" substitute the word "prescribed" and for the word "operate" substitute the words "be imposed".

ANNEXURE

Amendments to the Air Navigation Regulations, 1963, were promulgated under Government Notices R. 1883 of 6 December 1963, R. 614 of 24 April 1964, R. 1332 of 3 September 1965, R. 794 of 20 May 1966, R. 1377 of 9 September 1966, R. 1636 of 21 October 1966, R. 1965 of 9 December 1966, R. 628 of 5 May 1967, R. 1419 of 15 September 1967, R. 1800 of 10 November 1967, R. 1958 of 8 December 1967, R. 493 of 29 March 1968, R. 1032 of 7 June 1968, R. 1133 of 28 June 1968, R. 2320 of 20 December 1968, R. 908 of 6 June 1969, R. 3609 of 31 October 1969, R. 709 of 8 May 1970, R. 1956 of 29 October 1971, R. 2181 of 3 December 1971, R. 2353 of 31 December 1971, R. 1298 of 28 July 1972, R. 1674 of 22 September 1972, R. 1847 of 20 October 1972, R. 1921 of 27 October 1972 and R. 2167 of 1 December 1972.


# Die Afrikaanse Woordeboek

## DELE I, II, III, IV en V

**Deel een, twee, drie, vier en vyf van die Afrikaanse Woordeboek bevattende die letters A,B,C; D,E,F; G; H,I; en J,K; respektiewelik, is van die Staatsdrukker, Pretoria en Kaapstad teen die volgende pryse verkrygbaar:**

| | Gewone Linneband. | Leerband. |
|---|---|---|
| Deel I | R7,00 | R19,00 |
| Deel II | R7,00 | R11,50 |
| Deel III | R6,00 | R27,00 |
| Deel IV | R8,50 | R28,00 |
| Deel V | R11,40 | R19,05 |

## VOLUMES I, II, III, IV and V

**Copies of the First, Second, Third, Fourth and Fifth Volumes of "Die Afrikaanse Woordeboek" containing the letters A,B,C; D,E,F; G; H,I; and J,K; respectively, are obtainable from the Government Printer, Pretoria and Cape Town at the following prices:**

| | Linen Bound. | Leather Bound. |
|---|---|---|
| Volume I | R7,00 | R19,00 |
| Volume II | R7,00 | R11,50 |
| Volume III | R6,00 | R27,00 |
| Volume IV | R8,50 | R28,00 |
| Volume V | R11,40 | R19,05 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# INHOUD

*No.* *Bladsy*

**PROKLAMASIE**

R. 204. Wysiging van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart ... ... 1

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

**Vervoer, Departement van**

*Goewermentskennisgewings*

R.1564. Staatslughaweregulasies, 1963 ... ... ... ... ... 2
R.1565. Lugvaartregulasies, 1963 ... ... ... ... ... ... 2

# CONTENTS

*No.* *Page*

**PROCLAMATION**

R. 204. Amendment to the Convention on International Civil Aviation ... ... ... ... 1

**GOVERNMENT NOTICES**

**Transport, Department of**

*Government Notices*

R.1564. State Airport Regulations, 1963 ... ... ... 2
R.1565. Air Navigation Regulations, 1963 ... ... ... 2

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria

1—4017